21 Februarie 2021

Hoërskool Kategese

Genesis 9:8-17

wat wil jy vandag bereik?

Welkom by 2021 se eerste Hoërskool kategese.
(Ons hier by Nous hoop julle groepe kan bymekaar kom.)
Voorspoed vir die jaar!

Ons begin die jaar met God se verbond met Noag en die res van die skepping. Lees gerus die hele verhaal vooraf om te onthou wat alles gebeur het voordat God hier 'n belofte maak.

Ter i e v n gemeen e
ge oon i n ie ri me
v n Kon k-k ege e,
p on in h kie
hoe i in r ie r m erk inp .

e ef eg er . NOUS egge p he v n
Kon k-k ege e. NOUS e k ege e-mo e i ee ge eer op Groome e mo e , m r on he
i ver er on ikke o i m k iker in gemeen e oegep k n or .

Gemeen e i e kom om e e
v n ie NOUS p n e nooi
om op ei ing ron om hier ie me o iek
e kom n ie .

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Meeste van die tyd ken die jongmense mekaar in die kleingroepe, maar elke jaar is daar nuwe vriende wat aansluit.

Laat elkeen weer sy of haar naam met die groep deel en dalk: wat het hulle hoop gegee in die afgelope jaar gedurende die pandemie?

As daar tyd is: wat het hulle / julle gedoen om ander mense hoop te gee?

word stil

Lees Psalm 25:1-10 .

Die psalm praat van God wat ons help op die paaie waar ons loop. Niemand van ons weet hoe ons paaie in 2021 gaan loop nie. Mag God ons op die paaie van 2021 bewaar.

se storie
ie e (r en n)

lees Genesis : -1 saam as n groep

A r i , k n e keen i rn eer op /h r eie ee .

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.
Of enige vrae wat jy nou het.

Dit is belangrik dat mens weet wat gebeur het voordat God met Noag en sy seuns praat hier in Genesis 9. Dit kan help om die groep te herinnner aan wat gebeur het.

Ons het al geleer en gelees oor God wat met mense 'n verbond sluit.

Wat is anders hier? Wie almal word ingesluit met die verbond wat God maak?

Die hele skepping is vir God belangrik. Elke mens en elke dier.

Wat doen dit aan jou om te dink dat God so sterk voel oor Sy skepping dat Hy 'n spesiale ooreenkoms met almal aangaan?

God gee 'n teken. Meeste van ons het al 'n reënboog gesien.

Wie kan verduidelik wat 'n reënboog is?

Mens sien gewoonlik 'n reënboog nadat dit gereën het… nadat die donker wolke wegtrek en die son uitkom.

Waaraan laat 'n reënboog jou dink?

God se belofte hier is ook aan ons.
Hy sal altyd daar wees en altyd vir Sy skepping sorg.

Die son sal altyd weer skyn nadat dit gereën het, al is die wolke donker en die storm groot, die son sal weer skyn.

Hoe help hierdie verhaal ons terwyl ons 'n wêreldwye pandemie beleef?

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Het jy geweet dat die reënboog juis gebruik is as simbool van hoop tydens die pandemie. Mense oor die wêreld het reënboë geteken en in hulle huise se vensters geplak om ander mense hoop te gee. (dalk het jy/ julle dit ook gedoen)

Wat kan jy hierdie week doen om iemand wat hoop nodig het, hoop te gee OF hulle aan God se hoop te herinner.

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte?
Kan julle dit in een sin opsom?

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding
"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis
"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding
"Ek bid vandag vir..."

Danksegging
"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding